



PARAGON MEDIA
SIGHT SOUND & MAGIC

DON. 18 MEI 20:00

MARTYN LE ROUX


HEX

MET
JOHANN NEL
CARIEN PUNT
SUE NIGHTINGALE
HENDRI MOUTON
GUILMA STANDER
OTTO VAN DER WALT
MARTYN LE ROUX

TEMALIED
HEX-VALLEI
DEUR
ANTON GOOSEN

***Kopiereg:**

©2020MARTYN LE ROUX ©2022PARAGON MEDIA
Mernoleonstraat 19 Mernoleon Street Paarl



'n VISIO LUISTERDRAMA

HEX

Deur

MARTYN LE ROUX

Die **SOUTWATERHEKS** is geskryf en opgevoer onder spelleiding van **MARTYN LE ROUX** en opgeneem te **PIONIER STUDIOS** in **WORCESTER**. Die studio klankopnames is behartig deur **ARNÉ VON MOLLENDORF**. **Post produksie grafika, klank en akoestiese versorging is gedoen deur MARTYN LE ROUX.**

Die temalied “Heksvallei” is met vergunning van Anton Goosen en Bushrock music.

Die rolverdeling is as volg:

ROLVERDELING:

1. ELIZABETH (Liza) DE SAVOYE - SUE NIGHTINGALE
2. PIERRE DE SAVOYE - JOHANN NEL
3. MARIA DE SAVOYE - CARIEN PUNT
4. PHILIPPE DURAND - HENDRI MOUTON
5. SARAH MATROOS – GUILMA STANDER
6. SYBRAND VAN VUUREN – MARTYN LE ROUX
7. WOUTER DE VOS - OTTO VAN DER WALT

FX: OPENINGSMUSIEK.

FX: DOOF NA: BINNE. BUFFELSKRAAL. VROEGOGGEND. DIE EETKAMER. ONTBYT WORD GENUTTIG. EETGEREI WORD HANTEER OP VOORGROND. TORTEL DUIWE, VOËLS, IN AGTERGROND. 'N HOND BLAF IN DIEP AGTERGROND. 'N POU SKREE IEWERS IN DIE TUIN.

1. MARIA : Waar is Liza? Gaan sy nie vanoggend ontbyt kom eet nie?
2. PIERRE : Ek het haar nog nie vanoggend met 'n oog gewaar nie.
3. MARIA : Dis Saterdag, sy kan seker maar 'n bietjie later slaap.
4. PIERRE : Dis al wat sy deesdae doen. Slaap. Wat sy kán doen, is om jou gerus meer in die huis te help, Maria.
5. MARIA : Dis Liza, Pierre. Jy behoort jou dogter teen dié tyd beter te ken. 'n Natuurgees so wild soos die valleie en klowe daarbuite. Buitendien, Sarah is oor genoeg hulp.
6. PIERRE : 'n Mens wonder soms wat hulle die jong meisies by daardie afrondingskool in die Kaap leer. Én dan kos dit nog 'n fortuin ook. Miskien moet ek my geld gaan terugvra.
7. MARIA : Ten minste het ons vir 'n wyle rus vir ons siele gehad terwyl sy daar was.
8. PIERRE : En is ons drumpel nie deurgetrap nie.
9. MARIA : Wie sou nou dít kon dink, nè. Onse Liza. Dat sy nou só 'n aardskudding onder die jong mans kan veroorsaak.
10. PIERRE : (SKERTSEND) O, ek's glad nie verbaas nie. Kyk net na haar ma dan weet jy hoekom. Die mooiste blom in die vallei.

1. MARIA : (LAG) Ja, toe nou maar. Dis agter Liza wat die klomp jongens aan is, erger as 'n klomp bronstige honde.
2. PIERRE : Wel, sy behandel hulle partykeer soos honde. Ek voel soms sleg oor hoe sy met van die jongens praat. Jan Brink se seun is in trane hier weg. Onthou jy? As sy nie oppas nie gaan sy op die rak beland saam met al die ander inmaakflesse en nooit 'n geskikte man vind nie. "n Vrot fles sonder 'n deksel.
3. MARIA : Ja, dis nou ook nie asof daar honderde hubare jong mans hier rond is nie. Meisies jonger as sy is al gelukkige moeders.
4. PIERRE : Ek hoop sy het ten minste iets by daai skool geleer. Dalk sal dit beter gaan nou dat sy terug is.
5. MARIA : Waar sou sy tog aan haar aстранte houding gekom het? Ons het haar mos nie so groot gemaak nie. (DINK) Of het ons?
6. PIERRE : Sy't nog altyd 'n wil van haar eie gehad. Koppig soos 'n muil. Soms dink ek 'n hele klomp duiwels het in daai bos rooi hare van haar nes gemaak.
7. MARIA : Sy's mooi groot en sy moet self besluit wat sy met haar lewe gaan doen en met wie sy dit wil doen. Ons gaan haar nie nou verander nie.
8. PIERRE : Nee. Ek dink ook nie ek wil haar verander nie. Ek gee toe, sy is soos 'n wilde perd, maar daar moet tog seker één ruiters daarbuite wees wat haar sal kan tem — één wat sy nie met sy stert tussen sy bene die trekpas sal gee nie.
9. MARIA : Ons sal maar moet sien. (ROEP) Sarah!

1. PIERRE : Ek's bevrees sy het té 'n sterk persoonlikheid vir die meeste van die jonges hier rond.

2. MARIA : (ROEP) Sarah! (OOMBLIK) Waar sal die skepsel wees?

FX **HANDKLOKKIE WORD GELUI.**

3. SARAH : (NADER OP MIK) Hier, Mevrou! Ek kom! Ek het net gou die hoenders ook gaan kos gee. Sarah is hier! (UITASEM) Oeee, my ou rug ...

4. MARIA : Sarah, kan jy gaan kyk waar juffrou Liza is. Die kos is besig om koud te word.

5. SARAH : O, ek dog Mevrou-hulle weet?

6. MARIA : Weet wat?

7. SARAH : Die nonna is al voordag met die perd weg.

8. PIERRE : Ek wou sê ek het vanoggend vroeg 'n perd gehoor. Ek het gedink dis my verbeelding.

9. SARAH : Sy't gevra dat ek vir haar 'n mandjie moet pak, Mevrou. Ek het vir haar mebos, toebroodjies, 'n fles koffie —

10. MARIA : Ja, dankie, Sarah. Ons wil nie elke detail hoor nie. Ek wens iemand wil ons ook inlig voordat so iets gebeur.

11. SARAH : Jammer, Mevrou. Ek het gedink julle weet.

12. MARIA : Is sy alleen hier weg?

13. SARAH : Ja, Mevrou. Soos altyd.

14. PIERRE : Seker weer op na Prinses poel bo in die berg.

15. MARIA : Hemel weet wat sy heeldag met haarself daar aanvang.

16. PIERRE : Wel, dit lyk nie juis of die plek haar verveel nie.

1. MARIA : Dis nie veilig so alleen daar nie. Wanneer word sy nie aangeval deur rondlopers of deur 'n bobbejaan gebyt nie?
2. PIERRE : Bobbejane is die minste wat my bekommer. Daar is berg tiere bo in daai klowe. Mens kan snags hoor hoe vang hulle die bobbejane. Gelukkig is hulle meestal snags bedrywig.
3. MARIA : Hemel tog! Tot een besluit om daar water te kom drink. Het sy ten minste 'n geweer saamgevat?
4. SARAH : Ek weet nie, mevrou. Ek kon nie sien nie. Dit was nog skemer en ek kon net die rooi hare sien ... ai, die nonna darem ...
5. MARIA : Sy sal my nog grys hare gee ...
6. PIERRE : Toemaar, sy weet wat om te doen. Sy weet om die geweer saam te vat en drie skote te skiet as daar gevaar is. Sy sal veilig wees. Sy ken die omgewing en kan haarself handhaaf.
(LAG) Ek dink die bobbejane is banger vir haar as sy vir hulle, as jy my vra.
7. MARIA : Ek dink sy vlug weg van die klomp vryers wat hier op die plaas kom aanklop. (SUG) Vir drie maande het ons salige vrede vir ons siele gehad. Maar die woord sal nou seker vinnig versprei dat sy terug is ... (OOMBLIK) Sarah, jy kan maar afdek.
8. SARAH : Goed so, Mevrou.
9. PIERRE : Ons sal koffie op die voorstoep neem.
10. SARAH : Ek bring, Meneer.
11. PIERRE : Daar's nie haas nie. Dek maar eers af.
12. SARAH : Reg so, Meneer.

**FX: MUSIEKBRUG. BUFFELSKRAAL. BUIITE: DIE
VOORSTOEP. VOëLGELUIDE. TORTELDUIWE. 'N POU
SKREE IEWERS IN DIE DIEP AGTERGROND**

1. PIERRE : Nog 'n pragtige dag in die vallei. SUIG AAN PYP: Hoe vêr het ons nie gekom nie ... Frankryk lê so ver in die verlede ...
2. MARIA : Dit was swaar tye, maar ons het dit alles oorleef, Pierre. Die Vader het ons al die pad van Frankryk af hierheen gelei en hier in dié mooi vallei vir ons 'n holte vir ons voet gegee. Jy kan trots wees op wat jy hier vermag het. Buffelskraal is vandag een van die vallei se spogplase.
3. PIERRE : (EMOSIE) Ja ... Dis so jammer ek sal nie 'n erfgenaam hê om eendag die plaas oor te neem nie ... As hy maar hier kon wees, dit alles saam met ons kon deel.
4. MARIA : (EMOSIE) Mag Jean in vrede rus...
5. PIERRE : Ek het alles probeer om hom te red. Die vlug oor die grens na Nederland ... die siekte. (KUG) Helaas ...
6. MARIA : Shhhh ... Kom ons praat nie nou daaroor nie. 'n Deel van ons het daar agtergebly, maar ons is nou hier. Ons het baie om voor dankbaar te wees. Ons het vir Liza en kyk net om jou rond ...
7. PIERRE : ROOK PYP: Ek weet. Ek wonder maar net wat hy sou sê as hy dít alles kon sien. Ek dink soms dié vallei is soos wat die Tuin van Eden sou gelyk het. 'n Stukkie van die Paradys het hier geval.

1. MARIA : Ek is bly dat ons besluit het om nie die grond in Drakenstein te vat nie. Dis nét so mooi daar, maar die hitte is verskriklik.
2. PIERRE : BLAAS ROOK: As Liza haar nonsens kan laat staan en kan besluit op een van die jong manne uit 'n gegoede familie, sal alles perfek wees. As sy tog net kan besef dit gaan oor meer as net haar wispelturigheid.
3. MARIA : (IN GEDAGTE) Miskien moet ons haar help ...
4. PIERRE : Wat bedoel jy?

FX: KOFFIEBEKERS, KOFFIEKAN WORD OP TAFEL

NEERGEPLAAS. KOFFIE WORD GESKINK EN GEDRINK

TYDENSVOLGENDE DIALOOG.

5. MARIA: Dankie, Sarah. As jy klaar is met die kombuis kan jy maar die res van die dag huis toe gaan.
6. SARAH : Dankie, Mevrouw. Ek het nog nat beskuit in die oond. Ek sal gaan sodra dit klaar gebak het. Ek's nie haastig nie, Mevrouw. Matroos lê weer hoenderkop daarbo by die huise.
(BEWEEG WEG/MOMPTEL) Hy slaap vannag saam die bobbejane.
7. PIERRE : Wat het jy bedoel, Maria?
8. MARIA : Ek het gedink ons moet iets reël. Jy weet, soos 'n geselligheid, hier op die plaas.
9. PIERRE : 'n Geselligheid?
10. MARIA : Ja, soos 'n dans.
11. PIERRE : 'n Dans? Ek luister...

1. MARIA : En dan nooi ons al die jong mans van die kontrei en hul ouers. Dan kan Liza hulle almal bymekaar sien; die een met die ander vergelyk in plaas van hierdie alewige gedrup van besoekers soos 'n lekkende waterpomp. Dalk help dit haar om een te kies en finaal te besluit.
2. PIERRE : KOU AAN PYP: Dis nogal 'n idee. (DINK) Maar sal dit nie te ooglopend wees nie? Netnou breek daar 'n bakleiery uit. Jy weet hoe sy kan wees. Die duiwel is in daai kop van haar.
3. MARIA : Nee, dis binnekort haar 21ste verjaarsdag. Ons kan dit daarmee laat saamval. Ons nooi almal in die vallei. En dan ook dié jong manne wat 'n moontlikheid is. Hoe meer siele hoe meer vreugde! Niemand sal snaaks dink nie.
4. PIERRE : DRINK KOFFIE: Dit kan beslis werk. Dink jy hulle sal kom?
5. MARIA : (LAG) Wat laat jou dink hulle sal nié kom nie?
6. PIERRE : Ook weer waar. (OOMBLIK) Ek hou daarvan.
7. MARIA : (OPGEWONDE) Ek gaan môre 'n naamlys saamstel. Ons kan die Stofbergs vra om die musiek te maak; ons kan 'n spitbraai hou, die skuur opmaak, die uitnodigings stuur ... Sarah kan bak ... ek kan vir my 'n nuwe rok gaan kry ...
8. PIERRE : (LAG) Stadig oor die klippers, Maria. Een tree op 'n slag.
9. MARIA : (LAG) Jammer. Dis net ... ons het so lanklaas iets groots hier op die plaas gedoen.
10. PIERRE : Dis goed om jou weer so opgewonde oor iets te sien. Doen dit. Onkoste is geen probleem nie.

1. MARIA : (GELUKKIG) Dankie, Pierre. Ek dink dit sal goed wees vir die hele vallei. (OOMBLIK) Ons moes dit al lankal gedoen het!
PLAAS BEKER NEER: Pierre ...
2. PIERRE : (INGEDAGTE) Ja, Vrou?
3. MARIA : Is dit 'n ruiter daar in die verte?
4. PIERRE : Ja, wragtig. En dit lyk my hy is reguit op pad hierheen.

FX: MUSIEKBRUG. VERMENG NA: BUIITE. 'N WATERVAL KAN IN D/A GEHOOR WORD. 'N MOOI, MELODIEUSE VROUESTEM WAT SING WEERGALM TEEN DIE KRANSE. 'N PERD RUNNIK EN PROES OP V/G. DIE SINGERY EINDIG METEENS. GESKOKTE UITROEP VAN VERBASING.

5. SYBRAND : O, moet asseblief nie ophou ter wille van my nie.
6. ELIZA : (SKRIK) Waar de duiwel het jy so skielik vandaan gekom?

FX: WATER PLAS EN PLONS. VOËLS Vlieg OP EN SKEL LUID TEEN DIE KRANSE.

7. ELIZA : (VOLG) Hoe lank staan jy al daar? (VIES) Wie is jy?
8. SYBRAND : Hemel, so baie vrae ... as jy my "n kans —
9. ELIZA : (VOLG) Wat doen jy hier? Wat wil jy hê?
10. SYBRAND : (SPEELS) Watter vraag wil jy hê moet ek eerste beantwoord?
11. ELIZA : Hoe het jy hier gekom?
12. SYBRAND : Met my perd natuurlik. Die een hier.
13. ELIZA : (VERWARD) Ek bedoel, hoe het jy geweet ek is hier?
14. SYBRAND : 'n Voëltjie het dit vir my vertel.
15. ELIZA : Jy's nie snaaks nie, meneer. (GEBELGD) Wie is jy?

1. SYBRAND : Klim uit die water dan vertel ek jou. Ek praat net met jou kop op die oomblik. Ek sal graag die res van jou ook wil ontmoet.
2. ELIZA : Asof jy nie al genoeg gesien het nie.
3. SYBRAND : Wel, dit was onvermydelik, nè?
4. ELIZA : So, jy hét my gestaan en afloer.
5. SYBRAND : 'n Rooikop nimf wat rond swem in 'n groen waterpoel is nogal geneig om die aandag te trek ... veral as sy poedelnakend is.
Wie sou nié kyk nie, huh?
6. ELIZA : Draai asseblief weg dat ek kan uitklim.
7. SYBRAND : (ASPRIS) Jy vra so mooi. Draai ek vallei of berg se kant toe?
8. ELIZA : Moet jou nie onnosel hou nie. Kyk weg. Ek gee nie om waar jy kyk nie. En waag dit net om om te draai ...
9. SYBRAND : Moet ek my oë ook toemaak?

FX: WATER PLAS EN PLONS SOOS SY UITKLIM.

10. SYBRAND : (HEKEL) Kan ek dalk jou klere vir jou aangee?
11. ELIZA : Stop dit! As jy omdraai — ek sweer...TREK AAN: Kyk voor jou.
12. SYBRAND : (LAG) Toemaar, ek trek net jou been. (OOMBLIK) Al twee van hulle — en beide iets besonders moet ek sê ...
13. ELIZA : (BITSIG) Jy's nie snaaks nie en ook geen heer nie.
14. SYBRAND : En jy's geen dame nie ...ten spyte van die drie maande wat jy by daai afrondingskool deurgebring het.
15. ELIZA : Wat? (KWAAD) Hoe durf jy!
16. SYBRAND : Komaan, erken dit maar. Jy hou van die aandag, nie waar nie?

1. ELIZA : Nie j ou soort aandag nie, baie dankie! Jy ken my nie en weet niks van my af nie. (DINK) Hoe weet jy van die skool...
2. SYBRAND : O, jy sal verbaas wees wat ek alles weet ...
3. ELIZA : Jy's 'n verwaande klein mannetjie, is jy nie?
4. SYBRAND : Soms. Is jy al respektabel? Kan ek nou maar omdraai?
5. ELIZA : Nee, wag. Kyk weg.
6. SYBRAND : Wat vat jy so lank? Kan ek jou dalk help?
7. ELIZA : Jy kan op daai lelike, motgevrete swart perd van jou klim en teruggaan van waar jy ook al uitgekruip het. D s wat jy kan doen!
8. SYBRAND : Eina! Dit maak seer. "Uitgekruip" – jy't 'n skerp tong.
Ek hou daarvan! Vurig soos daai hare van jou. (OOMBLIK)
Gereed of nie...hier kom ek... Aha! Daar is jy! Ek het meer van jou gehou sonder die klere ...
9. ELIZA : Dit kan my min skeel waarvan jy hou. Gaan net weg.
10. SYBRAND : (HEKEL) Maar ek het sopas hier gearriveer. Al die pad van die Drakenstein om j ou te kom sien, Liza de Savoye van Buffelskraal. Gaan jy my sommer net so wegjaag?
11. ELIZA : Jy's van Drakenstein?
12. SYBRAND : Ja. Sybrand van Vuuren tot u diens, u hoogheid. Ek moes net s lf kom sien of dit alles waar is.
13. ELIZA : Of wat waar is? Waarvan praat jy?
14. SYBRAND : Jy. Die legendariese skoonheid van die Ekserivier.
15. ELIZA : Jy's verspot.

1. SYBRAND : Nee, ek is nie. Jou reputasie strek tot in die Kaap. En ek moet sê, dis alles waar, behalwe die rooi hare en groen oë. Ek het blonde hare en blou oë verwag. Die stories oor jou is nie oordrywings nie. Jy's voorwaar beeldskoon. Ek's bly ek het kom kyk. En alles kon sien...van kop tot tone...
2. ELIZA : (SARKASTIES) Ek's só bly jy's nie teleurgesteld nie. Ek dink jy het genoeg gesien. Klim nou maar weer op jou perd en gaan terug na daai warm plek van waar jy gekom het.
3. SYBRAND : Ek sal, maar slegs as jy met my sal kom en my vrou raak.
4. ELIZA : Wat? Ghmf! Nee dankie. Jy's nie my tipe nie.
5. SYBRAND : Aha! Ek sien. En wat presies is jou "tipe"?
6. ELIZA : Dit het niks met jou uit te waai nie. (OOMBLIK) Hoe het jy geweet waar ek is?
7. SYBRAND : Jou pa het my vertel presies waar jy is.
8. ELIZA : Jy lieg. My pa sou dit nie gedoen het nie.
9. SYBRAND : Wel, hy het genoem dat jy by die swemgate in die berg is en eers laat sou terug wees. Ek het toe besluit om te kom soek. Hierdie is die enigste poel wat te perd bereik kan word. En hier is ek. (OOMBLIK) En daar is jy ...in die vlees ...
10. ELIZA : Veels geluk. Jy't my gevind. Laat my nou met rus. Ek wil alleen wees, as jy nie omgee nie.
11. SYBRAND : (IGNOREER HAAR) Nee, glad nie. (OOMBLIK) Wat het jy alles in daardie mandjie van jou? Ek's vrek van die dors. Lyk soos koue gemmerbier daai. Kan ek daarvan kry?

1. ELIZA : Nee. Daar's 'n hele poel water reg voor jou, help jousef. En ek hoop jy verstik daaraan. Of nog beter ... sluk jou spoeg.
2. SYBRAND : Iets laat my dink jy hou nie baie van my nie, nè.
3. ELIZA : (SARKASTIES) Regtig? En wat het jou daai idee gegee?
4. SYBRAND : Jou vriendelike persoonlikheid. (OOMBLIK) Kan ek miskien een van die toebroodjies kry?
5. ELIZA : Hemel, wat's fout met jou? Hou jy nooit op nie?
6. SYBRAND : Nee. Ek is alewig. Ek's hier en daar...nou is ek hier...
7. ELIZA : Jy praat nonsens. Los my toebroodjies uit. En los my uit.
8. SYBRAND : Magtig, maar jy's bitsig. (OOMBLIK) Hou jy van gedigte?
9. ELIZA : (SUG) Hoekom?
10. SYBRAND : (DEKLAMEER DRAMATIES) "Hare so rooi soos die Disa teen die krans en oë so diepgroen soos die poel se glans ..."
11. ELIZA : Wat doen jy nou?
12. SYBRAND : Ek besing jou skoonheid. "... waarin die duiwels rondans —"
13. ELIZA : Hemel tog. Stop! My ore.
14. SYBRAND : (NONCHALANT) Hou jy nie daarvan nie?
15. ELIZA : Kyk. As ek jou die hele piekniekmandjie gee, sal jy asseblief vertrek en my met rus laat, Sybrand Watsenaam ...
16. SYBRAND : Van Vuuren. Sybrand van Vuuren. Van die Drakenstein. Ek het 'n plaas aan die Bergrivier weet jy. Jy móét dit kom sien.
17. ELIZA : Nee dankie. Ek stel nie belang in jou of jou plaas nie.

1. SYBRAND : Miskien het ons op die verkeerde noot begin. (DINK) O, en ek wou nog sê, jy het ook 'n pragtige stem. Alles omtrent jou is pragtig ... jy weet ... alles — jou voete, bene, en jou —
2. ELIZA : Hier, vat 'n toebroodjie en sit dit in jou mond.
3. SYBRAND : O, dankie. Is jy seker? Ek wil nie kos uit jou mooi mond vat nie.
4. ELIZA : Vat tog die ding en hou net op met praat. Asseblief!
5. SYBRAND : KOU: Ek kan goed kitaar speel. Ons kan saam speel. Jy sing en ek speel. Ek en jy sal lekker saamspeel, dink jy nie ook so nie? Jy kan vir my sing terwyl ek met jou speel ... ek bedoel vir jou speel ... op die snare...tokkel...
6. ELIZA : Hemel! Is daar geen einde aan jou nie? Hou op! Jy's vulgêr.
7. SYBRAND : MOND VOL BROOD: Ek sê maar net ... (PROES) Jy moet jou gesig sien — dis rooier as jou hare ...
8. ELIZA : Luister hier. Al is jy die laaste man in hierdie vallei of op aarde, ek stel nie belang nie! As jy voor my aan die brand slaan sal ek nie 'n koppie water op jou mors nie!
9. SYBRAND : (KARRING) Regtig? Maar ek brand al klaar vir jou ... jy brand in my binneste soos warm rum ... Wat kan ek doen om jou te beïndruk? Sê net, ek sal enigiets vir jou doen.
10. ELIZA : Ek gee op ... (SOETSAPPIG) Enigiets?
11. SYBRAND : Enigiets. Sê net wat. Ek bedoel dit. Enigiets.
12. ELIZA : Laat my dink. (OOMBLIK) Hmmm. (OPGEWONDE) Ek weet!
13. SYBRAND : Ja?
14. ELIZA : (SARKASTIES) Klim op jou perd en gaan huis toe!

1. SYBRAND : (ONGEËRGD) Ag nee ... dis totaal verbeeldingloos. Ek dog jy gaan iets sê soos: klim teen die krans op en pluk vir my 'n rooi Nuwejaarsblom om in my hare te sit. Dís wat ek sou doen.
2. ELIZA : Wat?
3. SYBRAND : 'n Disa. Daarbó. As jy wil, sal ek opklim en een vir jou gaan pluk. Sien daar. 'n Pragtige knewel.
4. ELIZA : (SPEEL SAAM) En jy sal dit vir my doen?
5. SYBRAND : Ek sê mos. (OOMBLIK) As ek een vir jou pluk en bring, moet jy met my trou. Jy moet myne wees. Sê net die woord.
6. ELIZA : Dit sit nie in jou broek nie. Jy sal jou arrogante nek breek.
7. SYBRAND : Nee, ek sal nie.
8. ELIZA : Ek leef in afwagting ...
9. SYBRAND : Sê jy sweer. Kyk in my oë en sweer jy sal myne wees as ek die blom gaan pluk en dit in jou hare kom steek.
10. ELIZA : Nee! Hou nou op! Ek geen nie om vir 'n blom nie en jy kan dit gaan steek op 'n plek waar die son nie skyn nie. Los my nou om vadersnaam met rus.
11. SYBRAND: Hah! Sien! Jy's bang — bang dat ek dit sal kan doen. Is jy nie? Jy's 'n lafaard, Liza de Savoye.
12. ELIZA : Laat my met rus! Ek gaan huis toe. Jy't net my dag kom bederf.
13. SYBRAND : Toemaar, ek sal gaan. Ek weet wanneer ek nie welkom is nie.
14. ELIZA : Uiteindelik.
15. SYBRAND : Nou ja, vaarwel, Liza de Savoye. Ek kan nie juis sê dit was 'n plesier om jou te ontmoet nie.

FX: KLIM OP PERD. PERD BEWEEG ONRUSTIG EN RUNNIK

1. ELIZA : Dieselfde vir my.
2. SYBRAND : Tot wederom.
3. ELIZA : O, ek dink nie so nie. Ek wil jou nooit weer sien nie.
4. SYBRAND : (LAG) Ek wil met jou verskil. Ons sal weer ontmoet. (BEWEEG WEG) En wees versigtig vir die bobbejane!

FX: PERD BEWEEG WEG OOR KLIPPE.

5. ELIZA : (AGTERNA) Die enigste bobbejaan hier rond is jy!
6. SYBRAND : (LAG HARDOP) Tot ons weer ontmoet jou rooikop heks!
7. ELIZA : Vlieg hel toe, Sybrand van Vuuren.
8. SYBRAND : (OP AFSTAND) Ek wag vir jou daar! (LAG WEERGALM)
9. ELIZA : (OP MIK) Ongepoetste, arrogante vent. (DINK) Nogal al die pad van Drakenstein af ... (GEAMUSEERD) 'n Nuwejaarsblom vir my hare ... hmmm ... dis 'n nuwe een daai ... oorspronklik moet ek sê. FLUIT SKRIL: Kom, Kaneel! Hier, Kaneel!

FX: PERD BEWEEG NADER OOR KLIPPE. STOP. PROES.

10. ELIZA : Kom ons gaan maar huis toe. Die berg begin skadu's gooi. Die eienaardig mannetjie het net die hele dag kom omkrap.

FX: MUSIEKBRUG. DOOF NA: BINNE. DIE VOORSTOEP.**BUFFELSKRAAL. LAATMIDDAG. TORTELDUIWE EN****ANDER VOëLGELUIDE IN A/G.**

11. PIERRE : Dis nou 'n tyd om hier aan te kom. Dis byna skemer.
12. MARIA : Wat máák jy die heeldag daarbo by die swemgat?

1. ELIZA : Dis salig en stil daar. Ek kan myself hoor dink. Ek het nodig gehad om 'n net bietjie weg te kom. Maar dit lyk my dit was nie ver genoeg nie.
2. MARIA : Wat bedoel jy?
3. ELIZA : Daar het 'n opregte vent opgedaag, uit die bloute. Letterlik. Baie eienaardig ... en afstootlik. Arrogant.
4. PIERRE : Ek dink ek weet van wie jy praat.
5. ELIZA : So 'n kort mannetjie met 'n swart snor en 'n muis gesig. Iets omtrent hom het my aan 'n vlermuis laat dink. Hy het gesê pappa het aan hom verduidelik waar om my te kry.
6. MARIA : O, dis 'n leuen.
7. PIERRE : Sê ek ook. Die man het hier aangekom net na ontbyt.
8. ELIZA : Hemel. Dan het hy seker die hele dag die berg gefynkam om my op te spoor.
9. PIERRE : Ek het niks van die vent gehou nie. Net gesê jy sal eers baie laat terug wees; dat jy in die berg is by een van die swemgate. Ek het hom probeer ontmoedig, maar dit lyk my dit het nie gewerk nie.
10. ELIZA : Ek het my só vervies dat ek maar huis toe gekom het.
11. MARIA : Wat het gebeur?
12. ELIZA : (ONTWYKEND) Sommer niks. Hy was net arrogant en irriterend, opdringerig en sarkasties. Onsmaklik.
13. PIERRE : Ek het hom so bekyk. Eienaardige vent.
14. MARIA : Ja, daar was iets vreemds omtrent hom.

1. PIERRE : Hy't gesê hy kom uit die Drakenstein. Van Vuuren. Ek kan my nie herinner dat daar 'n Van Vuuren in die vallei was toe ons destyds daar weg is nie.
2. MARIA : Miskien nuwe aankomelinge wat grond gekry het. Ek hoop nie hy kry dit in sy kop om weer hierheen te kom nie.
3. PIERRE : As hy dit sou waag gaan hy 'n sweep oor sy blaai kry.
4. ELIZA : Ek twyfel of hy weer sy gesig hier sal kom wys. Ek het hom goed die trekpas gegee. (DINK) Hy was egter só dikvellig dit sal my nie verbaas as hy dit sou waag om weer hierheen te kom nie. Hy's arrogant genoeg.
5. MARIA : Dit raak nou regtig 'n bietjie te erg, Liza — al die jong mans wat hier tydig en ontydig opdaag. Is daar regtig nie één wat jou belangstelling prikkel nie?
6. PIERRE : Mense begin al praat ...
7. ELIZA : Hulle kan maar praat, dit pla my nie.
8. MARIA : Dit pla óns. Jy raak een-en-twintig in Mei. Ek en Pappa het gedink ...wel ... om 'n geselligheid hier op die plaas te hou.
9. ELIZA : 'n Geselligheid?
10. MARIA : Ja, soos 'n partytjie. Vir jou. Vir jou verjaarsdag.
11. PIERRE : 'n Dans. En dan nooi ons almal in die omgewing om dit by te woon. Ek sien juis Van der Stel het grond aan vyf nuwe gesinne toegestaan bo in die vallei. Ons kan hulle sommer verwelkom.
12. MARIA : En ons nooi al die jong mans uit die omgewing om —

1. ELIZA : Om my te kom ontmoet ... om die heks te kom ontmoet?
 2. PIERRE : Waar kom jy daaraan?
 3. ELIZA : Ek het al die stories gehoor. Moenie maak of dit nie so is nie. Ek weet wat die mense sê.
 4. PIERRE : Dis omdat jy so lank vat om te besluit, Liza. Jy stuur die een mansmens na die ander hier weg met sy stert tussen sy bene.
 5. MARIA : Ons het gedink, as ons die klomp almal op een plek kan bymekaar kry, dan sal dit vir jou makliker wees om hulle te vergelyk en miskien 'n keuse te maak ...
 6. PIERRE : Ek's seker ons sal nie 'n probleem hê om almal hier te kry nie. En hulle sal dink dis vir jou verjaarsdag en om die nuwe intrekkers te verwelkom. Wanneer laas was hier 'n behoorlike dans in die vallei?
 7. ELIZA : (DINK) Hmmm ...'n dans. Dit klink nogal opwindend.
 8. MARIA : Een soos wat die vallei nog nooit gesien het nie.
 9. ELIZA : En ek kan 'n nuwe rok laat maak?
 10. PIERRE : Maar natuurlik! Net die beste vir my twee vallei-lelies.
 11. ELIZA : (OPGEWONDE) Wanneer stuur ons die uitnodigings?
- FX: MUSIEKBRUG . DOOF NA: BUFFELSKRAAL. AAND VAN**
- DIE DANS. BUIITE. KONSERTINAMUSIEK SPEEL VROLIK.**
- STEMME LAG EN SING. KRIEKE EN NAGGELUIDE.**
12. ELIZA : (UITASEM) Sjoe ... hemel... (HYG) Laat my net eers my asem terugkry.
 13. WOUTER : Jy het my nog nie geantwoord nie, Liza.

1. ELIZA : Genade tog, Wouter, hou jouself in! Kan ek net eers asem skep? My voete brand soos vuur.
2. WOUTER : Jy ontwyk my al die hele aand. Een dans ... dis al wat jy my gegee het.
3. ELIZA : En een dans is al wat jy gaan kry. En hou op om my te agtervolg soos 'n skoothondjie.
4. WOUTER : Ek kan dit nie help nie. Jy maak my mal ...trou met my asseblief.
5. ELIZA : Ek wil nie met 'n mal man trou nie, dankie.
6. WOUTER : Jy weet wat ek bedoel. Ek kan nie verdra as jy met die ander mans dans nie.
7. ELIZA : Dit is my verjaarsdag, Wouter de Vos. En ek sal dans met wie ek wil. Jy is nie die enigste man hier nie. Hulle is my gaste.
8. WOUTER : Ja, maar is dit nodig om so aan hulle te klou?
9. ELIZA : Klou? Ek klou nie. Ek het nie nodig om te "klou" nie. En dis hulle wat aan my klou, net sodat jy weet.
10. WOUTER : Ek het gesien hoe jy Hannes Stofberg soen.
11. ELIZA : (SUG) Ag vader tog ... hy het my gesoen, nie ek vir hom nie. En waarom maak ek verskoning aan j ou. Genugtig, jy is nie my man nie. Ek's nie met jou getroud nie.
12. WOUTER : Ek wens jy was. Ek sal jou soos 'n prinses behandel. Ek is welaf. Jy sal nooit 'n tekort aan enigiets h e nie.
13. ELIZA : Maar dis juis die probleem ...
14. WOUTER : Wat is?

1. ELIZA : Te kort.
2. WOUTER : Wat? Wat bedoel jy?
3. ELIZA : Jy's te kort.
4. WOUTER : Hoe nou?
5. ELIZA : Jy's baie kort. Ek verkies 'n langer persoon.
6. WOUTER : Wat het dit met enigiets uit te waai?
7. ELIZA : Want jy gaan nie die blom kan bykom nie.
8. WOUTER : Die blom? Watter blom. Waarvan praat jy?
9. ELIZA : Het jy nie by die ander gehoor nie?
10. WOUTER : Wat?
11. ELIZA : Daar's 'n disa bo teen die krans by Prinses poel. Die eerste man wat dit vir my pluk en bring, sal ek mee trou. Sien jy kans?
12. WOUTER : Wat ... is jy ernstig?
13. ELIZA : (NONCHALANT) O, ja. Doodernstig.
14. WOUTER : Maar ek kan vir jou 'n handvol pluk wat laer af groei.
15. ELIZA : Nee, ek soek dáárdie spesifieke een.
16. WOUTER : Maar dis lewensgevaarlik om daar op te klim. Dis feitlik onbereikbaar.
17. ELIZA : As jy my regtig begeer en my hand wil wen ... dis my voorwaarde. Die Nuwejaarsblom vir my hare.
18. WOUTER : (AFGEHAAL) Maar dis onmoontlik.
19. ELIZA : O, en daar is 'n tweede voorwaarde.
20. WOUTER : En dit is?
21. ELIZA : Jy moet dit tydens 'n volmaan aand pluk.

1. WOUTER : Is jy gek? In die donker?
2. ELIZA : Nee, ek sê mos tydens die volmaan. Hoe moeilik kan dit nou wees?
3. WOUTER : Hoe moeilik? Dis verdomp gevaarlik. Mens kan jousef vrek val.
4. ELIZA : As jy dink ek is dit nie werd nie ...
5. WOUTER : Nee, dis nie dit nie, maar wat jy vra ... ek bedoel ...nee magtig.
6. ELIZA : Totsiens, Wouter. Ek soek iemand wat ernstig is ...
7. WOUTER : Nee, wag ... ek is ernstig. Wil jy nie my voorstel oorweeg nie?
8. ELIZA : Jou voorstel?
9. WOUTER : Ja ... sonder die Nuwejaarslelie. Ek het 'n ring —
10. ELIZA : (KALM) Wouter ...
11. WOUTER : Ja, my lief ...
12. ELIZA : Ek stel nie belang in jou voorstel nie en ook nie in jou ring nie. Kry jou agterstel in jou saal en gaan huis toe. Ek dink jou ma en pa wag vir jou by die huis.
13. WOUTER : (AF) Jy's regtig gemeen ... dit was onnodig.
14. ELIZA : Ek soek 'n man, Woutertjie, nie 'n muis nie.
15. WOUTER : (BITTER) Die mense is verkeerd omtrent jou, Liza de Savoye ... jy's nie 'n heks nie ...
16. ELIZA : O, regtig? Vleiery gaan jou niks help nie.
17. WOUTER : Nee, jy is net 'n verwaande klein feeks wat dit geniet om mans onder jou voete te vertrap. Totsiens!
18. ELIZA : Totsiens, Woutertjie. (LAG) Moet ek jou kom help om op die perd te kom? Miskien 'n houtkrat bring waarop jy kan klim?

1. WOUTER : (BEWEEG WEG VAN MIK) Gaan jy hel toe! Jou dag sal nog kom, Liza de Savoye! Hoor my. Jou dag sal kom!
2. ELIZA : (SUG) Alleen ... uiteindelik. Salig. REK BEHAAGLIK UIT:
Maggies ek is moeg. As ek nog één sopstorie moet aanhoor of nog één dans moet dans gaan ek aan die gil raak.
3. PHILIP : (NADER NA MIK) Is dié sitplek geneem of kan ek maar by jou aansluit?
4. ELIZA : Maggies, jy't my laat skrik. (VERVEELD) Jy kan maar sit. Ek dans net nie. My voete is gaar.
5. PHILIP : (VAN MIK) Geen probleem. Ek's 'n baie slegte danser.
6. ELIZA : Kom nader na die lamplig toe dat ek jou kan sien. Wie is jy?
7. PHILIP : (NADER OP MIK) Philip Durand, aangename kennis.
8. ELIZA : (OORBLUF) Hemel ...ek bedoel ...hallo, aangename kennis.
Ek bedoel ... jy kan maar sit ... sit asseblief ... sit gerus ...
9. PHILIP : Dankie. (OOMBLIK) Dis 'n baie mooi aand.
10. ELIZA : Dit is, ja. Die aand bedoel ek. Ek is Liza. Dis my pa se plaas.
Ek bedoel ek bly hier. Ek sal nou ophou met praat...
11. PHILIP : (LAG) Ja, ek weet wie jy is. Baie geluk met jou verjaarsdag. Ek het nie geweet dis jou verjaarsdag nie. Eers nou gehoor.
12. ELIZA : Is jy nuut hier? Ek het jou nog nooit vantevore gesien nie.
13. PHILIP : Dis omdat ek nog nooit hier was nie. Ek het eers laatmiddag hier in die vallei opgedaag.
14. ELIZA : Hoe't jy gesê, wat is jou naam nou weer?
15. PHILIP : Philip Durand.

1. ELIZA : Ek dink nie ek het jou naam op een van die uitnodigings gesien nie.
2. PHILIP : Nee, ek's bevrees ek is nie een van die genooïdes nie. Ek het al die pad van Tulbagh gekom om jou te kom ontmoet.
3. ELIZA : Genugtig ... al die pad uit die Waveren? Dis 'n paar dae se ry te perd.
4. PHILIP : (LAG) Ja, dit is. Maar ek het darem in Drakenstein by vriende oorgeslaap.
5. ELIZA : O, dis goed.
6. PHILIP : Ek is vroegoggend van Paardenberg af weg. Ek het van jou gehoor en besluit om te kom kennis maak. Ek vra omverskoning vir my stowwerige voorkoms.
7. ELIZA : Dis nie nodig nie. Jy lyk reg vir my ... ek bedoel ... jy lyk goed.
8. PHILIP : Ek het eers vanmiddag van die partytjie verneem toe ek na Buffelskraal begin rondvra het. Ek het bedoel om eers môre oor te kom, maar het besluit om die bul by die horings te pak ... Jammer, dat ek nie 'n geskenk gebring het nie.
9. ELIZA : Dis nie nodig nie. Jy's baie welkom met of sonder 'n geskenk.
10. PHILIP : Ek probeer al die heel aand jou aandag trek.
11. ELIZA : O, jy hoef nie te probeer nie. Jy het my volle aandag.
12. PHILIP : (LAG) Ek is bly. (OOMBLIK) Jy's glad nie soos wat mense jou beskryf het nie.
13. ELIZA : En dit is?

1. PHILIP : Jy weet ... die stories. Dat jy 'n heks is wat mans se harte eet en hul siele leegdrink en dan weggooi.
2. ELIZA : (LAG) En op 'n besemstok rondvlieg? (SUG) Hemel. Dit raak al erger. Wel, hier is ek. In lewende lywe. Oordeel vir jousef.
3. PHILIP : As jy 'n heks is, dan is jy 'n verruklike heks, moet ek sê.
4. ELIZA : "Verruklik". Ek's nog nie dit genoem nie. Ek is al baie goed genoem, maar nog nie dit nie. En is jy teleurgesteld in die heks?
5. PHILIP : Genugtig, nee, jy is inderdaad beeldskoon. Daai deel is beslis baie akkuraat. (OOMBLIK) Jy lyk baie mooi in die rok.
6. ELIZA : Dankie. My ma het dit gemaak.
7. PHILIP : Dit pas by jou oë. Die groen kleur, bedoel ek. En jy ruik ongelooflik lekker; veldblomme en heuning ...
8. ELIZA : (GENIET AANDAG) Baie dankie, Philip Durand van Tulbagh. En jy ruik na sweet, perd en stof ...
9. PHILIP : Ja, ek vra weer omverskoning. Ek was ure in die saal, maar kon nie wag om jou te sien nie. Ek kamp onder by die rivier vannag. Ek wou net kom hallo sê. Ek sal môre terugkom wanneer ek meer respektabel is. As dit reg is met jou?
10. ELIZA : Moenie verspot wees nie...
11. PHILIP : (AFGEHAAL) Ek's jammer dan. Ek het nie bedoel om jou tyd te mors nie...
12. ELIZA : Nee, jy verstaan my verkeerd. Ek bedoel jy is perfek soos jy is.
13. PHILIP : (VERLIG) O, vir 'n oomblik het ek gedink jy bedoel ek...

1. ELIZA : Ek gee nie om vir 'n bietjie stof en sweet nie. Ten minste ruik jy soos 'n man. En jy kan gerus vannag hier slaap. Jy hoef nie langs die rivier te gaan kamp nie. Hier's baie plek.
 2. PHILIP : Regtig? Is jy seker? Jou ouers sal nie omgee nie?
 3. ELIZA : Hulle sal maar te bly wees — glo my. Jy is meer as welkom.
 4. PHILIP : Baie dankie dan. Dit sal aangenaam wees om in 'n bed te slaap en 'n bad te neem.
 5. ELIZA : Dis dan besluit. Jy slaap vannag hier.
 6. PHILIP : Dis baie gaaf van jou. Ek weet nie wat om te sê nie.
 7. ELIZA : Dis nie nodig om iets te sê nie. Waar's jou perd?
 8. PHILIP : Onder in die laan by die ingang.
 9. ELIZA : Nou toe, kom!
 10. PHILIP : Wat nou?
 11. ELIZA : (BEWEEG VAN MIK AF) Kom! (LAG) Roer jou!
 12. PHILIP : (LAG) Wag! Waarheen gaan jy?
 13. ELIZA : (OP AFSTAND) Kom, trapsuutjies, die een wat laaste by jou perd is, is 'n vrot buffelvel! Ek wil jou iets gaan wys! Kom jy?
 14. PHILIP : (AGTERNA) Wag! Wat van jou gaste?
 15. ELIZA : (SPEELS) Hulle is nie genooi nie! (LAG UITBUNDIG)
- FX: MUSIEKBRUG OP. DOOF NA: BUFFELSKRAAL. DIE VOLGENDE OGGEND. BUIE. DIE VOORSTOEP.**
16. MARIA : Pierre, dink jy nie ons moet na haar gaan soek nie? Sy's al die heel nag weg. Sy't nie in haar bed geslaap nie. Sê nou maar sy het iets oorgekom.

1. PIERRE : ROOK PYP: Sarah sê dat Speelman haar gisteraand by die hek sien uitgaan het saam met 'n vreemde jong man. Al twee op een perd. Ek neem aan dis die jongman se perd. Kaneel is nog op stal.
2. MARIA : Sommer net so? Die nag in? Heelnag? Met 'n vreemde man?
3. PIERRE : Lyk of hulle af rivier se kant toe is.
4. MARIA : Dink jy nie ons moet gaan kyk nie? Kyk waar sit die son al.
5. PIERRE : (LAG) Vrou, dit was jóú idee om die dans te reël. Ek dink jou plan het gewerk ... té goed gewerk as jy my vra. Ek dink ons dogter het gisteraand haar ridder op die wit perd gevind.
6. MARIA : Dink jy so?
7. PIERRE : O, beslis.

FX: SKINKBORD MET KOFFIE EN BEKERS WORD

INGEBRING EN NEERGESIT.

8. SARAH : Moet ek skink, Mevrouw?
9. MARIA : Nee, dis nie nodig nie, Sarah. Ons sal self skink.
10. SARAH : Is juffrou Liza nog nie terug nie?
11. MARIA : Nee, Sarah. Hoe laat sê jy het Speelman haar en die vreemde jong man hier sien wegry gisteraand?
12. SARAH : Nee, dis nie hý wat hulle gesien het nie, Mevrouw. Dit was sy vrou, Hanah, wat hulle gesien het. Op 'n wit perd, net voor middernag.
13. PIERRE : ROOK PYP: Sien, ek het mos gesê, 'n wit perd. (LAG)

1. MARIA : SKINK KOFFIE: Dis nie snaaks nie, Pierre. Die hele nag. Wie weet wat hulle alles aangevang het.
2. PIERRE : Seker maar diep in mekaar se oë gekyk onder die volmaan.
3. SARAH : Ai, die kind van ons, nè. Daai meneer gaan sy hande vol hê met haar. (LAG LEKKER) Oeee, ons gaan binnekort weer dans! (sing) Hier kom 'n ding...hier kom 'n ding...
4. MARIA : Ja, toe hou maar vir jou in, Sarah.
5. SARAH : Ai, Mevrouw, maar sy's dan soos my eie kind.
6. MARIA : Julle moet begin skoonmaak. Die plek lyk soos 'n slagveld na gisteraand.
7. SARAH : Hulle is al besig, Mevrouw. En die ontbyt?
8. MARIA : Nee, moenie moeite doen nie. Ek's nie honger nie. Ons kan vanmiddag eet. Ek dink ons gaan 'n ekstra plek moet dek.
9. PIERRE : Ek dink julle sal moet. Kyk net daar ...
10. SARAH : Oeeee! Hie' kom hulle. Matroosberg! (SING) Hie' kom 'n ding met 'n ring. Hie' kom 'n trouding! Oeeee!
11. MARIA : Ja, toe nou maar, Sarah. Maak jou uit die voete.
12. SARAH : (BEWEEG WEG) Ek sê maar net, Mevrouw. (LAG LEKKER)
13. MARIA : Genade tog. Ek het nie gedink ek sou dié dag sien nie. Al twee op een perd.

FX: PERDEHOEWE KOM NADER TOT OP VOORGROND.

PERD PROES EN RUNNIK. DAAR WORD AFGEKLIM.

SAAL WAT KRAAK.

1. ELIZA : (VRIENDELIK) M^ôre, Pappa. M^ôre, Mamma. Dis 'n wonderlike mooi oggend, n^è?
2. MARIA : My hemel, Liza. Waar was jy? Ons het ons dood bekommer. Jy het al jou gaste net so gelos en verdwyn.
3. ELIZA : Nie almal nie! Ek het die beste é^én gehou! Ek was in baie veilige hande, Mamma. Ons was net onder by die rivier.
4. PIERRE : (NONCHALANT) M^ôre, Liza. Dit kan ons goed sien. Haal die blare uit jou hare voordat jy dit die huis indra.
5. MARIA : En jou nuwe rok! Ag nee, my kind.
6. PIERRE : En aan wie het ons die middernagtelike ontvoering van ons dogter te danke?
7. PHILIP : M^ôre, meneer De Savoye. M^ôre, Mevrouw. (LAG) Ek's bevrees dit was u dogter wat **my** ontvoer het.
8. PIERRE : KAP PYP UIT: Ek is nie verbaas nie. Bring hom nader, Liza, dat ons die jong man beter kan bekyk. Kom sit hier op die bank.

FX: BANK WORD EFFENS GESKUIF. HULLE SIT.

9. PHILIP : Ek is Philip Durand. Bly te kenne.
10. PIERRE : Pierre de Savoye, en dis my vrou, Maria. (SKERTS) En my dogter het jy reeds deeglik ontmoet lyk dit vir my.
11. ELIZA : (LAG) Pappa! Ons het net sy goed by die rivier gaan haal.
12. PIERRE : En toe verdwaal tot vanoggend toe ...
13. MARIA : Bly te kenne, meneer Durand.

1. PHILIP : Bly te kenne, Mevrouw. Sjoë, ek kan sien waar Liza haar skoonheid vandaan kry.
2. MARIA : (GEVLEI) Dankie, meneer Durand.
3. PHILIP : Noem my Philip, asseblief.
4. MARIA : En van waar is u, meneer Durand ... ek bedoel, Philip.
5. PHILIP : Van Waveren, Mevrouw. Ons het 'n plaas naby Tulbagh. My pa is Jacobus Durand.
6. PIERRE : Jacobus Durand? Cootje Durand? Van die plaas De Liefde?
7. PHILIP : Ja, meneer De Savoye. Ken u hom?
8. PIERRE : Ja. Ons het in die Drakenstein ontmoet, jare gelede, voordat Van der Stel grond hier beskikbaar gestel het. Jou ouers het saam met ons hier aangekom in die kolonie. Hoe vaar hy?
9. PHILIP : Gesond, dankie.
10. MARIA : En jou moeder? Sy was 'n nooi Hugo, as ek reg onthou.
11. PHILIP : Helaas, my moeder leef nie meer nie, Mevrouw. 'n Aanval deur die plaaslike inboorlinge. Dis net ek, my twee broers en my pa wat nog op die plaas is.
12. MARIA : Ek is so jammer om dit te hoor.
13. PIERRE : En wat bring jou al die pad uit die land van Waveren tot hier in die Eksrivier?
14. PHILIP : Ek het kom voorrade kry by Paardenberg, meneer, Savoye. Ek was op pad terug toe ek by vriende van ons hoor van die beeldskone meisie wat hier in die vallei bly.
15. MARIA : Jy bedoel die heks van die vallei?

1. ELIZA : Mamma!
2. PHILIP : (LAG) Ja, dit ook. Al die stories het my so gefassineer dat ek besluit het om 'n dag te vat en self te kom kyk. Mooi meisies is maar skaars hier rond. Wel, ek het my wa en alles by my vriende gelos en gisteroggend uit Drakenstein vertrek. Dit was nie moeilik om Buffelskraal te kry nie. Almal was hierheen op pad vir die dans. En hier is ek.
3. ELIZA : En ek's so bly jy het nie verdwaal nie!
4. SARAH : (NADER) Dagsê, Nonna. Dagsê, Meneer.
5. ELIZA : En dis Sarah Matroos. My ander ma.
6. SARAH : (LAG LEKKER) Ai, Nonna. Jy maak my hart bly.
7. PHILIP : Hallo, Sarah. Liza het my van jou vertel.
8. SARAH : Sy's my ander kind, daardie een meneer...
9. MARIA : Sarah? Is daar fout?
10. SARAH : Nee, Mevrouw. Ek het net kom kyk of ek die koffiegoed moet kom haal. Moet ek nog bring, Mevrouw?
11. ELIZA : Jy hoef nie vir ons te bring nie, Sarah. Maar jy kan die gastekamer vir die meneer regkry, hy gaan oorbly.
12. SARAH : Ek maak hom mooi vir die meneer. (BEWEEG WEG) Hier kom 'n ding, ek sien hom ...
13. MARIA : Die ou skepsel loop oor van die nuuskierigheid. Nou toe, Liza, gaan wys vir ons gas waar die kamer is en help hom om tuis te voel.

1. PIERRE : Ek sal vir Matroos kry om die perd te versorg. Gaan maak julle twee vir julle skoon. Julle lyk albei of julle met 'n bad én ekstra slaap kan doen.
2. ELIZA : Dankie, Pappa. Ons het laas nag só gesels dat ons skoon van die tyd vergeet het.
3. MARIA : En van al jou gaste ...
4. ELIZA : Ja, ek weet ... ek's jammer, Mamma.
5. PHILIP : Ek dink ons het iewers in die vroeë oggendure aan die slaap geraak en eers vanoggend vroeg wakker geskrik.
6. MARIA : Jy's baie welkom, Philip. Maak jousef tuis. Ons eet so teen twaalfuur middagete. Ek hoop jy's honger.
7. PHILIP : Dit sal heerlik wees, Mevrou. Ek het so met al die opwinding skoon van my maag vergeet. Hy het reeds begin kla.
8. ELIZA : (SKERTS) O, ek is net "opwinding" vir jou nè...
9. PHILIP : (LAG) Nee, jy weet wat ek bedoel.
10. PIERRE : Ek gaan na middagete kyk of ek 'n duiker of twee vir die pot kan skiet, Philip. Wil jy saamkom? Dan kan ons 'n bietjie gesels.
11. PHILIP : Sekerlik. Dit sal lekker wees.
12. ELIZA : Ai, Pappa. Hy's net 'n paar dae hier dan moet hy weer teruggaan. Moet hom nie nou al wegrokkel nie.
13. PIERRE : Liewe hemel, Liza. Dis net vir 'n uur of twee ...
14. ELIZA : Ek wil nie 'n minuut mis nie ... nie 'n sekonde nie. Kom ek gaan wys jou die kamer, Philip.

FX: BANK KRAAK AS HULLE OPSTAAN.

1. PHILIP : Toemaar, ons kan daarvoor opmaak. Jy kan my na die waterpoel neem op die berg. Die een waarvan jy my vertel het.
2. ELIZA : (OPGEWONDE) O, jy gaan dit só geniet. Dis absoluut asemrowend! Ek gaan vir ons 'n groot piekniekmandjie pak.
3. PHILIP : (BEWEEG WEG) Ek sien uit daarna. Hoe het jy gesê? Wat is die poel se naam nou weer?
4. ELIZA : (DOOF WEG) Prinses poel. Dis nie ver hiervandaan nie. Net agter die plaas. Ons kan met die perde tót daar ry.
5. PIERRE : Cootje Durand se seun. Kan jy nou meer. (POUSE) Vrou?
6. MARIA : Ja?
7. PIERRE : Ek dink jy gaan moet regstaan vir nog 'n rok. En vinnig.
8. MARIA : Ek dink jy is reg Pierre. Uiteindelik. Dank die vader ...

FX: MUSIEKBRUG. DOOF NA: PRINSESPOEL. DAG. BUITE.**NATUURGELUIDE. WATERVAL IN AGTERGOND.**

9. ELIZA : Moet jy regtig gaan? Kan jy nie nog 'n dag of twee bly nie?
10. PHILIP : Ek sal moet, Liza. Ek's al byna drie dae hier. My pa sal begin dink ek is vermoor of so iets. Ek moet die wa met voorraad by die huis kry, maar ek sal so gou as moontlik terug wees. Ek moet hulle eers die goeie nuus gaan vertel. 'n Week of twee op die meeste, ek belowe.
11. ELIZA : Ek weet, maar dit voel klaar soos 'n ewigheid. Hoe gaan ek die dae sonder jou hanteer?

1. PHILIP : Ek gaan jou net so mis. Maar aan die positiewe kant, jy kan die tyd gebruik om alles te begin beplan. Ek dink jou ma is meer opgewonde as jy. Sy't al begin trourok maak.
2. ELIZA : Ek weet. Sy is mal oor jou. (OOMBLIK) Wat het jy en my pa alles nou die dag gesels?
3. PHILIP : Wel, ek het hom vir jou hand gevra en hy het gesê dat wat jy ook al besluit reg sal wees, dat hier vir my 'n plaas wag, aangesien jou broer, jy weet ...
4. ELIZA : Ja. Ek dink hy sien my broer in jou. Die seun wat hy sou gehad het. Iemand wat Buffelskraal kan oorneem as hy nie meer eendag hier is nie.
5. PHILIP : Dit is een van die mooiste plase hier rond. Dit sal 'n eer wees om eendag hier in die Vallei van die Skadu's te mag boer met die mooiste vrou in die vallei aan my sy.
6. ELIZA : Vleier ... (LIEFDEVOL) Hou my vas ...
7. PHILIP : Ek sal jou nooit laat gaan nie.
8. ELIZA : Belowe ... nee sweer. Sweer by die rooi Disa's teen die kranse.
9. PHILIP : Ek belowe en sweer. Niks sal ons ooit skei nie.
10. ELIZA : (SUG TEVREDE) Wie sou kon dink dat ek my hart so gou in een aand kon verloor? Liza de Savoye, die heks van die vallei, verlief tot in haar tone. (LAG) Op 'n stowwerige man uit die Waveren.
11. PHILIP : Wel, ek hét al die kompetisie *uitgestof*, het ek nie?
12. ELIZA : (LAG) Jy het inderdaad.

1. PHILIP : Ek dink daar gaan 'n klomp teleurgestelde burgers wees wanneer hulle hoor dat iemand die heks met die rooi hare getem het en sal jou hopelik nou met rus laat.
2. ELIZA : Dankie tog daarvoor.
3. PHILIP : (ERNSTIG) Is jy seker jy wil met my trou?
4. ELIZA : Wat se vraag is dit? Lyk dit vir jou of ek nie ernstig is nie?
5. PHILIP : Nee, dis net ...jy weet.
6. ELIZA : Dis net wat?
7. PHILIP : Jy is so ongelooflik mooi, Liza. Ek kyk soms na jou en wonder waarom jy my gekies het? Waarom vir my? Ek's niks spesiaal nie, ook nie ryk nie.
8. ELIZA : Jy is vir my spesiaal.
9. PHILIP : Ek's bang ek skrik wakker en dan is dit alles net 'n mooi droom, 'n speletjie wat jy met my gespeel het.
10. ELIZA : Liewe hemel, Philip. Wat laat jou so dink? Het ek enigiets gesê of gedoen wat jou so kan laat dink?
11. PHILIP : Nee ...
12. ELIZA : Ek het my hele hart by jou voete gelê ... meer as net my hart. Kyk in my oë. Kan jy sien dat ek mal verlief is op jou?
13. PHILIP : Ek weet ... en ek op jou. Ek kan my nie indink hoe 'n lewe vorentoe sonder jou moet wees nie — dis net...(BREEK)
14. ELIZA : Wat is dit? Uit daarmee. Wat pla jou?
15. PHILIP : Nou die aand toe ons die eerste keer ontmoet het —
16. ELIZA : Ja?

1. PHILIP : Ek het 'n tyd in die donker gestaan en wag om met jou te praat.
Ek kon nie help om te hoor wat jy vir daai kêrel gesê het nie.
2. ELIZA : Jy bedoel, Stoute Wouter?
3. PHILIP : Wouter, ja.
4. ELIZA : Ek was 'n bietjie baie ongeskik met hom. Maar hy het hande soos 'n seekat en is net so klewerig soos een.
5. PHILIP : Nee, dis nie dit nie. Dis wat jy gesê het ... oor die blom. Die Nuwejaarsblom, dat jy nét sal trou met 'n man wat dit vir jou sal pluk en dit in jou hare kom steek.
6. ELIZA : (LAG) O, dít! Is dít wat jou pla?
7. PHILIP : Jy was ernstig.
8. ELIZA : Nee, hemel, Philip. Dit is sommer 'n weerligafleier wat ek gebruik het om van die klomp dryfhout ontslae te raak. 'n Afskrikmiddel. Sommer 'n idee wat iemand eendag in my kop kom plant het. Één, moet ek sê, wat baie goed gewerk het.
9. PHILIP : Ek sien. (OOMBLIK) En daar is regtig so 'n blom?
10. ELIZA : Ja, daar is. Ek moes dit geloofwaardig maak anders sou hulle my nooit ernstig opgeneem het nie. Daar sit hy. Kyk.
11. PHILIP : Dis hier by dié waterval?
12. ELIZA : Ja. Net links van die waterval. Sien jy die effense oorhang?
13. PHILIP : Ja.
14. ELIZA : Net onder dit. Sien jy? As jy dit van hier kan sien, moet dit 'n redelike groot blom wees. Spesiaal. Een in 'n duisend.
15. PHILIP : Nes jy ... 'n baie besonders blom.

1. ELIZA : Een wat jy klaar gepluk het by die rivier ... het jy nie ...
2. PHILIP : (INTIEM) Die oomblik was net te groot ... vir beide van ons. (OOMBLIK) Jou pa-hulle moet nooit weet nie.
3. ELIZA : Die troue is binnnekort. Niemand gaan iets vermoed nie. Hou op om jou te bekommer. Ek wou dit so hê. Ek's nie spyt nie.
4. PHILIP : Ek ook nie. (POUSE) Ek dink nou net daaraan. Die ooreenkoms.
5. ELIZA : Ooreenkoms? Waarvan praat jy?
6. PHILIP : Jou hare is so rooi soos die Disa daarbo en jou oë so groen soos die water in die poel hier voor ons.
7. ELIZA : (LAG) Ek het dít al voorheen gehoor, maar onder minder aangename omstandighede.
8. PHILIP : Hoe nou?
9. ELIZA : Sommer niks. Vergeet dit.
10. PHILIP : Ek het nie 'n ring om jou nou al te gee nie.
11. ELIZA : Dis nie nodig nie. Jy is alles wat ek nodig het.
12. PHILIP : Nee. Ek wil jou iets gee. iets om ons verlowing te seël.
13. ELIZA : Ons het dit reeds gedoen, nou die nag by die rivier...
14. PHILIP : Ek weet. Maar ek skuld jou 'n verjaarsdaggeskenk. Ek dink ek weet van net die perfekte item, daarbo teen die krans.
15. ELIZA : (BESEF) Philip, nee. Dis nie nodig nie.
16. PHILIP : O, ja dit is! Daai pragtige hare kort 'n pragtige blom.
17. ELIZA : (BEKOMMERD) Philip, asseblief. Dis nie nodig nie.
18. PHILIP : Dis jónú blom daardie, Liza. Dis joune en ek gaan hom vir jou haal.

1. ELIZA : Nee, Philip. Luister na my. Ek wil nie die simpel blom hê nie. Hulle groei welig hier laer af aan die oorkant van die poel. Jy kan oorswem en 'n handvol pluk en dit vir my gee as jy wil.
2. PHILIP : Nee. Daai knewel teen die krans. 'n Spesiale blom vir 'n spesiale meisie.
3. ELIZA : Asseblief, ek smeeek jou. Los dit. Dis gevaarlik. Jy sal jou doodval. Dis onmoontlik en die rotse is glad en nat.
4. PHILIP : Dink jy miskien ek kan dit nie doen nie?
5. ELIZA : Nee, ek's seker jy kan. Jy hoef nie iets aan my te bewys nie. Asseblief. Los die blom. Kom sit nou.
6. PHILIP : Dis nie so moeilik nie. Ek kan maklik aan die regterkant opklim, dan van bo af op die lysie langs tot by die blom. Ek behoort dit by te kom sonder moeite.
7. ELIZA : Ek wil nie die blom hê nie! Hoor jy wat ek sê? Ek gaan vir ons koffie skink. Daar's vars brood en konfyt in die mandjie.
8. PHILIP : Hou myne. (BEWEEG WEG) Dit gaan ongelooflik mooi in jou hare lyk!
9. ELIZA : (SKREE AGTERNA) Philip! Nee! Kom terug! Philip ... asseblief!
(EMOSIE) Ag hemeltjie tog ... Philip – wag – moenie!
10. PHILIP : (OP AFSTAND/WEERGALM) Ek's nou weer terug!
11. ELIZA : Los die simpel blom, dit beteken niks nie! Hoor jy? Philip!
- FX: STEMME DOOF NA: BUFFELSKRAAL. VOORSTOEP.**
- BUIITE. POU ROEP LUID IN A/G. TORTELDUIWE.**
12. PIERRE : Wie sou nou kon dink, nè. Cootje Durand se seun en Liza.

1. MARIA : Ek wonder of hy ons nog sal onthou?
2. PIERRE : Maar natuurlik. Die seun is van goeie herkoms. 'n Harde werker, soos sy pa. Liza het reg gekies. Die mannetjie het murg in sy pype ek kan dit sommer sien.
3. MARIA : Ja, ek moet sê, ek hou van hom. Hy's beslis nie bang om sy hande vuil te maak nie. Hy't vanoggend vroeg gaan hout kap sonder dat iemand hom gevra het.
4. PIERRE : Spontaan, dís wat hy is. En hy is 'n ekspert-tuiemaker.
5. MARIA : Dis iets wat baie handig hier in die vallei te pas sal kom.
6. PIERRE : Die plaas en alles wat hier is, sal tog maar net eendag na Liza toe gaan. En hier is 'n seun in wie se hande ek alles met 'n geruste hart sal kan laat.
7. MARIA : Alles werk ten goede uit, nè? Ons is so geseënd en die twee is haastig om te trou.
8. PIERRE : Ja, nee. Hulle albei het die skoot hoog deur. Ek het Liza nog nooit so gesien nie. Sy gloei behoorlik.
9. MARIA : Ons sal nou sekerlik rus en vrede kan geniet na al die jongens wat so hier kom stof trap het.
10. PIERRE : Die woord sal wel mettertyd versprei.
11. MARIA : Hoe gouer, hoe beter.

**FX: TONEEL OORGANG: BUIITE. DIE WATERVAL. HOOG TEEN
DIE KRANS. 'N GENIEPSIGE WIND SNY OM DIE ROTSE.
KLIMGELUIDE.**

1. PHILIP : (GEDAGTESTEM) Strek, Durand. Amper daar. As ek net 'n
behoorlike vastrap hier kan kry. (KREUN) In die gleuf ...
daar's hy — en een tree op ...
2. ELIZA : (VER ONDER WEERGALM) Philip! Wees versigtig!
3. PHILIP : (SKREE OP MIK) Jou geskenk kom! (TOT HOMSELF) So
naby, ek kan jou ruik. Jou dae hier teen die hange is getel, ou
rooie. Sien jy daai rooikop daar onder? Dis waarheen jy op pad
is. (STEUN) Nog so 'n katspoeg nader... nader

FX: KLIPPE ROL EN VAL MET WEERGALM.

4. ELIZA : (PANIEKGEVANGE) Philip! Hemel tog! Pasop!
5. PHILIP : (TOT HOMSELF) Bliksems, dit was amper ... (HYG) so glad
soos 'n verbrande padda vel ... (SKREE NA BENEDE) Ek's
piekfyn! Ontspan! (SLUK/GEDAGTEGANG) Wat het jou
besiel, Durand? Moenie afkyk nie. Fokus op die blom — as
ek net op daai lys kan kom.
6. ELIZA : (BYNA IN TRANE OP MIK) Asseblief, Philip! Kom af! Los die
blom! (SKREE) PHILIP! HOOR JY MY? Asseblief !
7. PHILIP : (TOT HOMSELF) Te laat, Milady. Punt van geen omkeer. Nog
een hupstoot dan behoort ek jou nek vir jou te knak, jou rooi
duiwel. (STREK) Kom hier ... (KREUN) nog 'n entjie ... amper.

**FX: ROTSE BREEK EN VERKRUMMEL. PHILIP TUIMEL NA
BENEDE MET 'N LANG UITGEREKTE KREET WAT SAAM
MET ELIZA SE GILLE WEERGALM TEEN DIE KRANSE.**

FX: OORGANG. BUIITE. DIE VOORSTOEP OP BUFFELSKRAAL.

1. PIERRE : Dit gaan weer een van daai mooi sonsondergange wees vanaand. Daar's baie stof in die lug.
2. MARIA : Gaan daai twee die hele dag by die poele lê?
3. PIERRE : Los hulle. Dis lekker om jonk en verlief te wees. Het jy al vergeet hoe ons was?
4. MARIA : (LAG) Nee. Maar ons het nie só wild aangegaan nie.
5. PIERRE : Tye het verander en ons is in 'n ander land.
6. MARIA : Ja, dit is seker so.

FX: GEWEERSKOTE WEERGALM IN DIEP AGTERGROND. 'N

PANIEKGEVANGE VROUESTEM KAN OOK DOF GEHOOR

WORD IN DIE VERTE.

7. PIERRE : Hemel! Wie sal so skiet?
8. MARIA : Genade, Pierre, dink jy daar's 'n aanval op een van die buur plase?
9. PIERRE : Nee, dit kom uit die rigting van die berg agter die opstal.
Drie skote!
10. MARIA : Die poele!
11. PIERRE : Dis Liza!
12. MARIA : Iets het gebeur! (ROEP) Sarah! Sarah!
13. PIERRE : Ek gaan solank opsaal. (BEWEEG WEG) Kry vir Klaas Sewewater en Matroos en sê hulle moet Prinses poel toe jaag met die wa. Maak gou!

1. MARIA : (PREWEL) Genadetjie tog, genadetjie tog... (GIL) SARAH!
SARAH! Kom hier! Maak gou!

FX: MUSIEKBRUG. DOOF NA: DIE VOORHUIS. BUFFELSKRAAL.

'N GROOT STAANHORLOSIE TIK LUID EN SLAAN DIE UUR.

2. MARIA : Het sy iets geëet, Sarah?
3. SARAH : Nie 'n krummel nie, Mevrou.
4. MARIA : (WANHOPIG) Genade tog, wat gaan ons doen? Sy het weke laas haar mond aan kos gesit.
5. SARAH : Ek het probeer, Mevrou, maar sy wil niks eet nie. Sy het 'n bietjie van die water gedrink, dis al.
6. PIERRE : Veldkornet de Vos was vanmiddag hier. Hy sê hulle het besluit om die soektog te staak. Die poel is net té diep. Die rotse wat saam met hom geval het, het hom in die dieptes afgetrek. Daar's nie 'n manier nie ...
7. MARIA : Sy arme pa. Hy kan nie eens sy seun begrawe nie. Wat sou die kind besiel het om so 'n onbesonne ding te gaan staan en doen? 'n Disa, só hoog teen die kranse? Waarom?
8. PIERRE : Niemand sal weet nie. Miskien wou hy haar probeer beïndruk. Sy het nog met niemand 'n woord gepraat nie. Nie 'n woord nie. Dis al meer as twee maande en sy verdrink dag en nag in haar eie trane. Ek voel so magteloos ...
9. MARIA : My arme kind ... my arme kind. Dit breek my om haar so te sien.

1. SARAH : Die nonna praat snags, Meneer. Laat in die nag. Ek kan haar deur die deur hoor. Sy loop altyd in die trourok wat mevrou vir haar gemaak het. Sy wil dit nie uittrek nie.
2. MARIA : Ek het gehoop dit sou haar opbeur ... na alles wat ...(BREEK)
3. SARAH : Sy praat en huil deurmekaar en slaap dan weer.
4. PIERRE : Praat? In haar slaap?
5. SARAH : Nee, Meneer. Praat, soos met iemand in die kamer.
6. PIERRE : Wat? Wanneer het dit begin?
7. SARAH : So twee aande gelede meneer. Ek het gedink sy roep na my. Ek het gaan kyk, maar sy het my nie eens gesien nie. Net by die ruit gesit en na die berge gestaar.
8. PIERRE : Kon jy hoor wat sy sê?
9. SARAH : Nee, Meneer.
10. PIERRE : Praat seker hardop met haarself.
11. MARIA : (EMOSIE) Ek's bevrees ons dogter is besig om haar verstand te verloor. Wat het ons gesondig om dít te verdien? Alles was net so mooi. Sy was so gelukkig en nou dít.
12. SARAH : Ek sal weer vannag voor die deur waak, Mevrou. As die nonna weer begin loop en praat in haar slaap, sal ek mevrou kom roep.
13. MARIA : Dankie, Sarah. Wat sou ons al hierdie maande sonder jou hulp gedoen het?
14. SARAH : Dis nie moeite nie, Mevrou. Dis my kind daardie ook. Ek sal haar mooi oppas tot sy weer gesond is.

1. MARIA : Ek weet nie of sy ooit weer gesond sal wees nie, Sarah.
2. PIERRE : Ons sal Cootje moet laat weet dat hulle die soektog afgelas het. Die nuus gaan hom verder verpletter. (OOMBLIK) Dink jy ons moet vir Liza vertel?
3. MARIA : Dink jy sy hoor wat ons sê? Ek dink nie sy is eens bewus van wat om haar aangaan nie, sy is soos 'n slaapwandelaar.
4. PIERRE : Jy's reg. Ons het nie nodig om haar nog verder die afgrond in te stoot nie.
5. MARIA : Kyk of sy nie iets wil eet nie, Sarah. Sy kan nie so aangaan nie.
6. SARAH : Ek sal probeer, Mevrou.
7. PIERRE : Ons gaan maar slaap. Môre bring dalk nuwe hoop.

FX: ONHEILSPELENDE MUSIEKBRUG. DOOF NA EN BLY IN

AGTERGROND: BINNE. BUFFELSKRAAL. ELIZA SE

KAMER. SWAAR DONNERWEER. REËN. 'n HOND BLAF

BUIITE OP DIE WERF.

8. ELIZA : (BIBBER VAN KOUE) Dis so koud, my lief ... so koud ... ek mis jou so baie ...(WEEN) Waar is jy? Ek kan jou nie sien nie!
9. PHILIP : (SPOOKAGTIGE FLUISTERING) Kom na my ... ek is hier, Liza. Ek wag vir jou in die dieptes.(WEEMOEDIG) Ek wag vir jou, my liefling...(HUIL). Dit is so donker hier , so donker. Daar's geen lig nie, geen lig ...help my...Liza...
10. ELIZA : Ek kom, Philip. Ek kom. Ek het vir jou gewag.
11. PHILIP : (WEEN SPOOKAGTIG) Die blom, ek het die blom vir jou gepluk.(DEMONIESE STEM) KOM NA MY! HOOR JY MY!

1. ELIZA : Ek kom, Philip. (VREES) Wie is daar? Philip? Is dit jy?
2. PHILIP : (SPOOKAGTIG) Jy het belowe...kom na my... (DEMONIES)
KOM NA HOM! KOM NA HOM! HOOR JY MY? ELIZA!
3. ELIZA : Philip. Is jy alleen...Philip?
4. PHILIP : (WEEN SPOOKAGTIG JAMMERLIK) So eensaam, so
alleen...kom na my...
5. ELIZA : Ek kom, my lief. Ek kom (HUIL JAMMERLIK). Ek is so
jammer, Philip. Ek is só jammer. Waarom het jy dit
gedoen? Waarom?
6. PHILIP : (WEEN SPOOKAGTIG) Jy het belowe: die skadublom vir jou
liefde, die blom vir jou liefde. (DEMONIESE EGGO) DIE
BLOEDBLOM VIR JOU HARE! JOU BLOED VIR DIE
BLOM! (SAGTE GEWEEN) Kom na my ... vir ewig saam ...
vir ewig hier ... in die dieptes ...ons wag vir jou...
7. ELIZA : Philip! Wag! Moenie gaan nie! Neem my saam met jou!
8. PHILIP : (FLUISTERING VERVAAG) Kom ... kom ... kom, my disa-
blom ... ons wag in die dieptes. Kom ...

FX: DAAR WORD HARD AAN KAMERDEUR GEKLOP.

9. SARAH : (BUITE DEUR) Nonna! Nonna! Maak oop! Maak oop die deur!
10. MARIA : (NADER BUITE DEUR) Wat gaan aan, Sarah?
11. SARAH : Die nonna loop in haar slaap, Mevrou. Sy praat met iemand
daarbinne. Sy het die deur van binne gesluit!
12. PIERRE : KLOP HARD: Liza! Maak oop die deur!
13. MARIA : Dis Mamma, Liza. Maak oop die deur. ASSEBLIEF!

1. ELIZA : (BINNE) Wag, Philip, wag vir my ... ek kom. Wag vir my ...
 2. MARIA : (OP MIK) Liza! Met wie praat jy? Maak oop!

FX: DAAR WORD HARD AAN DIE DEUR GEHAMER

3. PIERRE : (OP MIK) Liza! Liza! Maak asseblief die deur oop!
 4. SARAH : (OP MIK) Nonnatjie, maak tog oop die deur! Dis ek, Sarah!
 5. MARIA : (OP MIK) Hemeltjie tog ... sy is nie haarself nie – Liza!

FX: MEUBELS SKUIF BINNE KAMER ROND. 'N HARDE SLAG

GEVOLG DEUR GLASVENSTER WAT BREEK.

6. PIERRE : Genade, wat doen sy daarbinne! Liza!
 7. MARIA : (PANIEK) Breek oop die deur, Pierre. Maak oop die deur!
 8. PIERRE : Staan terug!

FX: DEUR WORD HARD GESKOUER. WEERLIG.

9. PIERRE : (KREUN) Verbrande sederhout!
 10. MARIA : Maak gou, Pierre!
 11. PIERRE : Ek probeer my bes!

FX: DEUR WORD WEER HARD GESKOUER. HOUT SPLINTER.

YSIGE WIND WAAI IN DIE KAMER. WEERLIG.

12. PIERRE : Liza! (OOMBLIK) Hemel!
 13. MARIA : (VERSTOM) Wat gaan aan? Liza? Waar is sy? (BIBBER) Dis ysig koud in die kamer. Pierre! Wat gaan aan?
 14. PIERRE : (BIBBER) Hemel, dis vriesend. Hoe is dit moontlik?
 15. SARAH : (BEVANGE) Kyk die vloer, Meneer – op die vloer ...kyk...
 16. PIERRE : (TANDE KLAP) Voetspore ... nat voetspore ...
 17. MARIA : (BIBBER) Die vader behoede ons. Wat beteken dit, Pierre?

1. SARAH : Dit gaan na die venster ...Nonna is by die venster uit!
2. PIERRE : Sy't die ruit met die stoel gebreek! Kyk!
3. MARIA : Hemel tog! Doen iets, Pierre! Moenie net daar staan nie.
4. PIERRE : (PANIEK) Ek sien haar nie ...(OOMBLIK) Ek sien haar nie!
5. MARIA : (HISTERIES) Hoe kan jy haar nie sien nie!

FX: PERD RUNNIK VREESBEVANGE, HOEWE KLAP.

6. PIERRE : Ek sien haar! Daar! Daar gaan sy.
7. MARIA : Sy's in haar trourok! Hemel!
8. SARAH : Dis asof die duiwel agter haar aan is.
9. PIERRE : (SKREE) Liza! Elisabeth!
10. MARIA : Sy kan jou nie hoor nie! Sy sal haar nek breek. Kaneel is vreesbevange! Hy sal haar afgooi!
11. PIERRE : Waarheen gaan sy?
12. SARAH : Die poele, Meneer. Die poele! Waar die meneer is!
13. PIERRE : Natuurlik!
14. MARIA : Stop haar, Pierre! Stop haar!
15. PIERRE : Sarah, hardloop! Gaan maak vir Matroos-hulle wakker. Sê hulle moet kom! Bring lanterns! Gaan!
16. MARIA : (EMOSIE) Maak gou, Pierre — hemel! (FLOU) Liza ...Liza...
17. PIERRE : Bly by my, Maria. Moenie nou flou raak nie ... Maria! Maria!
18. MARIA : (PREWEL) Here, asseblief moet haar nie óók vat nie. Sy's al wat ons het ...al wat ons oor het ...Red haar, Pierre.
19. PIERRE : (VERSLAE) Maria ... stop...ek kan nie...

1. MARIA : (WEEN) Waarvoor wag jy? Gaan agter haar aan! Keer haar, Pierre. Keer haar! Sy's al wat ons het ...
2. PIERRE : Maria — hou op... kyk ...Sien jy dit. Maria. Kyk...
3. MARIA : (HUIL) Nee ... nee ... nee — Liza. Asseblief, Pierre!
4. PIERRE : Dis uit ons hande. Kragte groter as ons is hier aan die werk, Maria. Hulle hoort bymekaar ...
5. MARIA : (WEEN JAMMERLIK) Nee, nee, nee! Ons móét haar keer!
6. PIERRE : Op die vensterbank: die nat ... blom. Moenie jou gesig wegdraai nie, Maria ... sien jy dit?
7. MARIA : (WEEN SAG) Liza ... Philip ... die baba — die baba, Pierre, die baba. Nie die baba ook nie! 'n Ma weet ... ek het geweet ...
8. PIERRE : Sien jy die blom op die vensterbank ...Nuwejaarsblom...
9. MARIA : Vervloekte blom ... rooi soos haar hare ...
Rooi, soos haar bloed ... teen die rotse ...
10. PIERRE : (EMOSIE) Shhhhhhhh. Maria. Dis amper verby ...Berus, aanvaar, dis amper verby... (BREEK) Sy is byna daar...
11. MARIA : Nee ... dit sal nooit verby wees nie — nooit. Vervloekte blom...vervloek...Solank as wat tyd in hierdie vallei bestaan sal sy met haar kaal voete in die bergstrome loop en sal haar wit trou kleed oor hierdie berge sleep in die winter. In die rooi van elke sonsondergang en kleure van elke seisoen sal sy hierdie vallei met haar skoonheid betower vir almal om haar te aanskou. Sy sal hier wees, vir altyd Pierre. Ons natuurgees.

Lisa sal hier wees vir ewig ... die heks sal hier wees...in die
vallei van die Skadu's...

FX: 'n LANG, UITGEREKTE KREET VAN 'n JONG VROU
WEERGALM IN DIE STILTE VAN DIE VALLEI EN EGGO
TEEN DIE KRANSE VIR OOMBLIKKE LANK. DAN STILTE.

FINALE MUSIEK EN AANKONDIGINGS